Belowe God regtig dat Hy dit altyd met jou goed wil laat gaan?

Teksgedeelte: Dan 3

Teksvers: Dan 3: 17 – 18

Braam Krüger

[16]Sadrag, Mesag en Abednego het koning Nebukadnesar geantwoord: “Ons hoef u nie hierop te antwoord nie. [17]Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. [18]Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie.

Daar is ‘ segswyse wat sê: “The road to hell is paved with good intentions”. Ek wil vandag so ’n saak aanspreek.

Dit is ’n onteenseglike feit dat baie mense baie swaar kry. En ons het empatie met die mense. Ons wil hulle troos. En soms gaan ons self deur moeilike tye en ons soek na troos. Hoop.

Dit is dan dat ons deur die Bybel begin blaai en soek na boodskappe wat ons kan deurhelp deur die moeilike tye. Ons sê: Die Here belowe Hy sal jou bewaar. Hy soek die goeie vir jou (Jr 29: 11). In nood moet ons maar net die

naam van Jesus uitroep oor die gevaar, want daar is tog geen ander naam op aarde gegee waardeur ons gered word nie (Hd 4: 12). En die verkragter of rower sal wyk as jy met genoeg geloof die Here se naam oproep oor die gevaar. Hierdie is niks anders nie as bygeloof! Jesus word 'n **towerspreuk** soos in 'n kinderstorie of in een of ander heidense godsdiens. (Nie dat mens nie kan of moet bid in tye van nood nie!)

In die mees ekstreme vorm lei hierdie benadering tot die "voorspoedsteologie". Jy is Koningskind! Prins of prinses! Die Here sorg vir jou! Jy hoef net gelowig te bid en die welvaart en gesondheid is joune!

Mens hoef net na die realiteit te kyk om te besef dat hierdie tog nie die waarheid kan wees nie. Almal word siek. Almal sterf. Almal word op een of ander manier slagoffers van iets (verhoudings wat skeefloop, misdaad, ens). Die gevaar is dat jy iemand se geloof kan skade aandoen as jy hom of haar op hierdie manier probeer troos of moed gee. Is ek arm omdat ek nie genoeg geloof het nie? Bid ek ongelowig? Hoekom is my kind dan dood? Hoekom is my kar gesteel? Hoekom gaan my kanker nie weg nie? Is ek nie God se kind nie?
Nee-wat. Hierdie soort troos is Jobstroos! Dit klink vroom, maar is vals! Dit is dwaalleer. So hoe moet ons oor hierdie sake dink?

Eerstens, alle kwaad kom, direk of indirek, van die Satan af. Sedert die sondeval is daar ellende in die wêreld. En dit oorval almal, ongeag ras, geslag, geloof, status, of wat ook al. Siekte, misdaad, teëspoed, verdiend of "onverdiend", is deel van realiteit tot en met die wederkoms.

Tweedens, God laat dit toe. Ja, moeilik om te begryp, maar realiteit. Dit is nie dat Hy nie beheer het nie, en Satan kan doen wat hy wil nie, maar binne hierdie bedeling waarin ons woon (voor die wederkoms) het God dit toegelaat dat kwaad oor ons pad kom. Dink maar aan Job. God laat toe, en stel die perke, waarbinne Job beproef/getoets word (1 Kor 10: 13).

Derdens weet ons dat God die kwaad in ons lewe gebruik ter versterking van ons geloof! Selfs al sou 'n ramp ons tref, selfs as ons sou sterf! In hierdie verband is dit nodig dat ons onderskeid tref tussen die beloftes van die Here aan sy kerk en aan individuele gelowiges. Jer 29: 11 is bv gegee aan Israel/Juda. God beplan hulle terugkeer, hulle sal die Messias voortbring. Dit beteken nie sommige Jode het nie gesterf in proses van ballingskap of tydens die ballingskaptyd nie! In die Nuwe Testament moet ons hierdie eerstens toepas op die kerk! God sal sy kerk ten goede gebruik. Dit is ook die eerste bedoeling van Rm 8: 29. Selfs die feit dat Israel nie meer die uitverkore volk is nie, werk ten goede mee – dat die Evangelie ook aan nie-Jode verkondig kan word.

Maar wat van individue? Daniël se vriende in die oond getuig juis hieroor. Hulle kan sterf of God kan uitred, maar in ieder geval, hulle behoort aan God**. En in hulle nood getuig hulle juis oor die Almagtige God voor wie elke knie moet buig**. En dit is die vraag aan ons wanneer ons voor ellende te staan kom! Hoe getuig ek hier oor die grote God? Dit is vandag mode op sommige plekke om iemand te kry om jou genadedood toe te dien (eutanasie). Of jy pleeg selfmoord omdat jy nie meer 'n "waardige" lewe het nie. Maar God roep ons om oor Hom, die enigste ware God, en Jesus, die enigste naam waardeur daar verlossing uit die sondeskuld moontlik is, te getuig. Juis in hierdie omstandighede te getuig.

Daar is egter meer ook. Ons lees daarvan in 1 Pt 1: 5 - 7. "[6]Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings [7]sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus".

Dit is juis die beproewinge wat ons geloof beproef en suiwerder na vore laat kom. As ons leer dat die Here jou altyd en ongeag veilig sal hou, dan ontvlug jy geloofsverryking! Jy ontneem jouself die geleentheid tot geloofsgroei. Daarom is Ps 23:4 so toepaslik! Al gaan ek deur ’n **dal van doodskaduwee**, sal ek nie vrees nie...”

Ja, die een pad is ’n pad van ontvlugting, van miskenning van die realiteit. Die ander een is een van vertroue op God... omdat ek vir ewig sy kind is in en deur Jesus Christus. Die bekende lied “Nearer my God by thee” dra juis hierdie boodskap oor:

1. Nearer, my God, to thee, nearer to thee!
E'en though it be a cross that raiseth me,
still all my song shall be,
nearer, my God, to thee;
nearer, my God, to thee, nearer to thee!

2. Though like the wanderer, the sun gone down,
darkness be over me, my rest a stone;
yet in my dreams I'd be
nearer, my God, to thee;
nearer, my God, to thee, nearer to thee!

3. There let the way appear, steps unto heaven;
all that thou sendest me, in mercy given;
angels to beckon me
nearer, my God, to thee;
nearer, my God, to thee, nearer to thee!

4. Then, with my waking thoughts bright with thy praise,
out of my stony griefs Bethel I'll raise;
so by my woes to be

nearer, my God, to thee;
nearer, my God, to thee, nearer to thee!

5. Or if, on joyful wing cleaving the sky,
sun, moon, and stars forgot, upward I fly,
still all my song shall be,
nearer, my God, to thee;
nearer, my God, to thee, nearer to thee!